

Okita pH+

OKITA pH PLUS IS 'N GESUSPENDEERDE VLOEIBARE "TEGNESE GRAAD KALSIMUM" AFKOMSTIG VAN KALSIMUM KARBONAAT. DIE ANDER BELANGRIKE FUNKSIE IS DAT OKITA pH PLUS OOK 'N UITERS GOEIE KALSIMUM BRON VIR DIE GROND EN PLANT IS.

DOEL EN GRONDVOORDELE VAN OKITA pH PLUS

- Die hoofdoel van die produk is die voorkoming van lae pH gronde of om lae pH van gronde te verhoog na 'n gewenste vlak vir gewas verbouing
- Is die vinnigste metode om 'n lae pH vlak in grond te verhoog na 'n vlak wat optimaal is vir 'n spesifieke gewas behoefte
- Die aansienlike verkorte tydverloop om pH vlak te verhoog word moontlik gemaak deurdat die fyn partikel grootte van Okita pH Plus, (gemiddeld 0,75 mikron) maklike indringing van die Kalk partikel met reën of besproeiing moontlik maak, teenoor bulk toedienings wat ingewerk moet word en nog steeds 'n stadige en swakker oplosbare aksie het
- Verminder die risiko van Aluminium (Al), Chloor (Cl) en ander swaar metale vergiftiging wat veral plaasvind in suur gronde
- Waar 'n wanbalans in die Ca:Mg grondinhoud voorkom (te veel Mg en te lae Kalk) kan 'n Okita pH Plus toediening die verhouding herstel mits die Kalk toediening nie 'n te hoë pH inhoud skep nie
- Bevat geen skadelike chemiese middels en is nie giftig nie, daar is dus geen onthoudings periode na enige toediening nie
- Na voltooiing van 'n grondherstel program veroorsaak meeste bemesting 'n versuringseffek waar Kalk toedienings op 'n gereelde basis noodsaak om 'n optimale pH en Kalk inhoud te behou
- Die fyner partikel grootte veroorsaak 'n vinniger reaksie in die grond, binne 2 - 8 weke na toediening in die proses om 'n hoër pH vlak te bereik
- Noodsaaklik vir organismes veral Stikstof bindende bakterieë
- Okita pH Plus se gemiddelde grootte is 0,75 mikron, 90% is < 2 mikron. Hoe kleiner die partikel grootte hoe meer effektief is dit, wat beteken dat tot 80% vinniger resultate verkry word met verhoging van 'n lae pH van grond na 'n bevredigende pH vlak

FINANSIËLE VOORDELE

- Hoef nie meganiese toedien te word soos met 'n Kalsium strooier nie
- Intensiewe gewasse en boorde kan maklik en eenvoudig bereik word d.m.v. besproeiing
- Boorde, permanente gewasse en ander intensiewe gewasse kan ook met eie meganiese voertuig toedien word vanaf 'n gemonteerde vloei-stof tenk
- Maak onderskeid tussen inisiële grond regstelling en onderhouds toediening. Onderhoudstoediening is laer (≤ 1 / jaar)
- Die toediening deur middel van besproeiing skakel meganiese toediening uit wat 'n groot kostebesparing is en die Kalsium blok nie in besproeiingstelsels indien die pypstelsel gereeld gespoel word nie

PLANT VOORDELE

- Verbeter saadontkieming indien toegedien met grondvoorbereiding of met planting
- Versterk die plant se weerstand teen skadelike Ensiemes ("pectinase") wat plant pektien beskadig. Genoegsame Kalsium versterk die plant pektien inhoud. Die hoër pektien inhoud bestry "pectinase" beskadiging en verhoog plant herstel vermoë na beskadiging
- Kalsium herstel plante teen pes en plaag aanvalle
- Versterk plant weerstand teen siekte of miette
- Verhoog Brix inhoud wat skil en selle harder maak en kneusings verminder
- Verbeter selwand struktuur
- Verbeter die opname van ander nutriënte soos Fosfate, Molibdeen en Boron
- Mikron partikel grootte deeltjies wat met reën of besproeiing tussen grond partikels indring voorsien die korrekte hoeveelheid Kalsium direk aan plant wortels

ANDER VOORDELE

- Kalsium dien ook as 'n grond-kondisioneerder
- Geen logistieke probleem rakende trokke of eksterne kontrakteurs nie
- Geen probleem met produk storing nie
- Kan enige tyd gedurende die jaar toegedien word
- Nie toksies vir diere of mense nie
- Bevat geen swaar metale of toksiese stowwe nie
- Geen onthoudings periode nie
- Vloeibare Kalk toedienings nie onderhewig aan wind kondisies nie vs droë grootmaat Kalsium wat kan wegwaai met aplikasie
- Lang rakleef tyd

AANWENDING

Dit is 'n uiters maklike manier om op 'n gereelde basis enkel toedienings te doen, teenoor die lomp en duur metode van Grootmaat growwe Kalk toediening. Okita pH Plus kan toegedien word deur balk spuit, drip sisteme, spilpunte, mikrojets, oorhoofse toedienings asook met lugbespuiting (vliegtuig). Kan ook onder druk, met 'n "vloed spuit straal" of "flood nozzle jet" direk in die grond gespuit word.

A) Toediening van konsentraat / Ha verdun soos hieronder:

- Skud goed voor toediening (vaste stowwe sak af)
- B) **Verdunning:** 1 deel Okita pH Plus met 5 dele water
- Die verdunning is geskik vir toediening met spuitpompe
- Vir toediening deur besproeiing kan verdunning met 5 of meer dele water gedoen word solank die aanbevele volume / Ha toegedien word



Reg. No. B 4650 (Wet 36/1947)

INHOUD Kalsium - 25,71%	APPLIKASIE TABEL PER pH INHOUD AS VOLG VIR GRONDHERSTEL		
	Sodium %	Sand/Leem L/Ha	Klei L/Ha
<4,0	15 - 30	20 - 40	
4,0 - 5,0	10 - 20	15 - 30	
5,0 - 6,0	5 - 10	10 - 20	
6,0+	2,5 - 5	5 - 10	

Nota: Mengsels wat aangemaak is moet gebruik word op dieselfde dag

Vir spesifieke gewas toedienings raadpleeg
asseblief die kantoor of agent:

KANTOOR: 086 100 5051
www.eco-fert.co.za

AGENT BESONDERHEDE:

eco-fert
www.eco-fert.co.za

